Verwysing: 20190122-626
Lêernommer: 13/4/2
Navrae: F Haffejee

Kurrikulum VOO-minuut: DCF 0003/2019

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs, Prinsipale en Taalonderwysers by hoërskole

Onderwerp: Teateropvoerings van graad 12-voorgeskrewe letterkunde werke by die Kunstekaap-teatersentrum (Artscape Theatre Centre) in 2019

1. Skole het verlof om hulle leerders **gedurende skoolure** na die Kunstekaap te neem om die teateropvoerings van voorgeskrewe letterkunde werke by te woon. Die bywoning van so 'n produksie sal as 'n opvoedkundige uitstappie beskou word.

2. Die volgende voorgeskrewe letterkunde werke sal in 2019 by die Kunstekaap opgevoer word:

Taal	**Graad**	**Titel**	**Skrywer**	**Datums**	**Tye**
Engels Huistaal	12	*Hamlet*	William Shakespeare	10 tot 18 April 2019 Kaartjie: R45,00	Maandag tot Vrydag – 11:00 Saterdag – 14:00
Afrikaans Eerste Addisionele Taal	12	*Krismis van Map Jacobs*	Adam Small	18 tot 25 Mei 2019 Kaartjie: R45,00	Maandag tot Vrydag – 10:30 en 14:30 Saterdag – 14:00 en 20:00

Engels Eerste Addisionele Taal	12	*My Children, My Africa*	Athol Fugard	08 tot 15 Mei 2019 Kaartjie: R45,00	Maandag tot Saterdag – 10:30 en 15:00
Xhosa Huistaal	12	*Buzani KuBawo*	WK Tamsanqa	29 Mei tot 06 Junie 2019 Kaartjie: R40,00	Maandag tot Vrydag – 10:30 en 14:30 Saterdag – 12:00
Let asseblief daarop dat kaartjieverkope vir alle voorgeskrewe produksiewerke op Maandag, 11 Februarie 2019 om 09:00 open.					

3. Om te bespreek, kontak enige Computicket-verkooppunt of bel-'n-sitplek by tel. 021 421 7695 en bespreek onder die skool se naam.

4. Niemand sal toegelaat word om die ouditorium sonder 'n geldige kaartjie te betree nie.

5. Vir enige verdere inligting en navrae, kontak asseblief Whelan Maarman by whelanm@artscape.co.za of by tel. nr. 021 410 9938.

6. Opvoedkundige voordele

6.1 Om 'n teateropvoering van 'n voorgeskrewe letterkunde werk by te woon, word as 'n uitbreiding van klaskameronderrig beskou.

6.2 Leerders sal beter insig oor die voorgeskrewe letterkunde werk verkry, en dit sal weer om die beurt hulle eksamenprestasie verbeter.

6.3 Leerders sal aan 'n ander wêreld as hulle plaaslike skool en gemeenskap blootgestel word.

6.4 Dit sal tot die leerder se lewensgehalte en vaardigheidsontwikkeling bydra.

6.5 Leerders sal aan die kunste en teater, as 'n moontlike loopbaankeuse, blootgestel word.

7. Taalonderwysers word aangemoedig om bykomende aktiwiteite vir leerders te beplan wat voor, tydens en ná die opvoering gedoen kan word om die leerervaring te versterk.

8. Taalonderwysers word aangemoedig om alles in die werk te stel om hulle leerders te neem om hierdie opvoerings eerstehands te ervaar.

9. Skole sal verdere kommunikasie direk van die Kunstekaap ontvang.

10. Bring asseblief die bogenoemde minuut onder die aandag van alle taalonderwysers.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2019-02-08